

2 November

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:6-13

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:7-8; Heidelbergse Kategismus Sondag 8

Die Drie-eenheid

“Daar is dus drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen.”

Een van die heel kosbaarste rykdomme wat 'n mens kan besit, is die sekerheid dat jy vir ewig sal lewe. Wie deur geloof in Jesus uit genade sulke sekerheid het, se lewe word bevry van 'n angstige gejaag om selfredding deur goeie werke, en van 'n vrees vir die dood. Sulke sekerheid bring 'n innerlike vrede wat vir elke gelowige bestem is. Daarom word geloof in die ewige lewe ook in die laaste artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis verwoord.

Juis met hierdie doel skryf Johannes sy brief (vs. 13). Hy wil graag dat almal wat in die Seun glo, se harte vol moet wees van die getuienis dat hulle die ewige lewe het (vs. 10-12). Hy noem twee gebeurtenisse wat sy lesers moet oortuig. Die eerste gebeurtenis was toe Jesus, deur die bekeringsdoop te ondergaan, Homself as sondaar in ons plek voor die Vader gestel het (Matt. 3:13-17). Die tweede gebeurtenis (waarvan Johannes self getuie was) was toe Jesus inderdaad met sy lewe aan die kruis vir daardie sondeskuld betaal het (Joh. 19:25-27). Gelowiges kan dus met sekerheid weet dat hulle sondes vergewe is en dat hulle verhouding met God herstel is. Deur die versoening wat só bewerk is, is die ewige lewe 'n werklikheid.

Johannes beklemtoon dit dat gelowiges nie hoef te twyfel dat die versoening wat Jesus bewerk het, vir hulle bedoel is nie. Dit is nie net Jesus se optrede alleenwat die sekerheid van die ewige lewe vir gelowiges gee nie. Ook die Gees (vs. 7) en God die Vader (vs. 9) getuig oor hierdie waarheid. (In 'n minderheid van grondtekste word in vers 7 bygevoeg: “Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een”, vgl. OAV.) God Drie-enig nooi jou ook vandag weer uit om met sekerheid in 'n intiem-persoonlike verhouding met Hom te leef.

Sing: Skrifberyming 8-3:1

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)